Die Wapad

JAARGANG XIX — VRYDAG 24 JULIE 1964 — NR. 9

*SPESIALE-UITGAWE*

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

**CLAASSEN & GROBLER**
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 193
POTCHEFSTROOM
★ *MANS-, SPORT- EN KINDERUITRUSTERS*

# GEEN KOMPROMIS MOONTLIK

## Dr. Tjaart van der Walt insake liberalisme

**HOEWEL daar aanrakingspunt is, is geen kompromis tussen die Christelik-Nasionale denke en die liberalisme moontlik nie, het dr. Tjaart van der Walt voor die A.S.B.-kongres in die inleidende referaat oor die liberalisme verklaar. Die liberalisme is die sentrale tema van die kongres.**

Die vryheidsgedagte van die liberalisme moet noodwendig tot chaos lei waarop reaksie noodwendig volg. In hierdie eeu het hierdie reaksie hom geopenbaar as Nazisme, Fascisme en kommunisme waarvan net die kommunisme nog oor is.

### SENTRALE PUNT

In die tweede plaas stel die liberalisme die mens as sentrale punt, ten koste van sowel die gemeenskap as die hele mens want die liberalisme is uiteraard rasionalisties. Dit laat die pad oop vir die kommunisme om beslag te lê op die verwaarloosde gemeenskap sowel as op daardie individue wat bv. hande-arbeiders is.

In die derde plaas is die liberalisme innerlik weerloos. Dit skep probleme wat dit nie kan oplos nie onder meer deur die mens van God los te maak. Daardie sekularisasie van die hele openbare lewe slaan meer as enigiets anders 'n brug tussen die liberalisme en die kommunisme.

Op die vraag wat die liberalisme is, is uit geen definisie te antwoord nie. Dit het 'n soort verkleurmannetjie-agtige geaardheid en verskil van land tot land en van eeu tot eeu.

### STANDAARD BESTANDDELE

In weerwil van die uiterste vloeibaarheid van die begrip liberalisme is daar egter 'n aantal standaardbestanddele wat 'n mens keer op keer aantref. Die eerste is dat dit die kampvegter van die individuele mens, sy vryhede en sy regte is. Die beswaar teen hierdie oënskynlik lofwaardige doelstellinge is dat dit lei tot die verabsolutering van enkele fasette van die werklikheid ten koste van die geheel.

In die tweede plaas gaan die vryheidsgedagte van die liberalisme slegs om die mens. Die denkfout wat hier begaan word, is dat die mens bloot as individu gesien word sonder dat met die gemeenskap rekening gehou word, sonder dat selfs met die hele mens rekening gehou word. Die rede is oppermagtig.

Derdens word die liberalisme gekenmerk deur verskeie ander fasette soos sy utilisme, sy materialistiese inslag, sy geloof aan die natuurwette, die laissez faire-gedagte.

### STAAR HOM BLIND

Die moderne liberalis hamer gedurig op menseregte. Hy staar hom blind op die individu en het die vir die gemeenskap weinig oog. Dit ontken die organiese karakter van verskillende gemeenskappe.

Om hierdie rede is die liberalis gekant teen enige vorm van nasionalisme.

Die sogenaamde verdraagsaamheid van die liberlis geld in hoofsaak mede-liberaliste, nie andersdenkedes nie soos bv. blyk uit die „verdraagsaamheid" waarmee sekere Engelstalige universiteite die A.S.B. bejeen.

Baie opvallend is die liberalis se allergie vir 'n sterk regering. Dit word gou verdoem tot diktatuur, skrikbewind en polisiestaat.

„Daarom moet die staat so min as moontlik kragtig optree". Die staat moet moeilikhede vermy en slegs ingryp wanneer dit volstrek onvermydelik is.

### WAARDERING

Die liberalisme het in die wyer sin van die woord wel sekere vrugte opgelewer waarvoor waardering kan bestaan, o.m. die vryheid van die pers, die bevryding van die slawe e. d. m. maar die liberalisme het nie die krag gehad om hierdie kosbare vrugte te bewaar nie.

„Deur sy oppervlakkigheid, sy eensydigheid, sy oorbeklemtoning en gevolglike verdraaiing van bepaalde waarheidselemente maak die liberalisme homself weerloos. Hy dra in homself die kiem van sy eie ondergang".

### KRAGTIGE INGRYPING

Die liberalisme se begrip van die vryheid bind hom by voorbaat om die vryheid deur kragtige ingryping indien nodig te verdedig. Hy kan die individu nie teen 'n ander individu beskerm nie want, „die mens is geen engeltjie in papievo nie": in sy hart skuil daar afgrondelike dieptes van sataniese magte. Waar dit nie beteuel word nie, gaan die individu self in chaos ten gronde.

Die tweede bestrydingsmiddel is die regstreekse wat in ontmaskering bestaan, met kennis en oorleg wat die liberalistiese simptome helder kan onderken en raak kan slaan. Maar altyd moet die hand ook in eie boesem gesteek word.

## GASSPREKER AAN DIE WOORD



*(Foto: Fotokuns)*

'n Besonder geslaagde dinee is verlede Woensdagaand vir al die Kongres- en Kunsfeesgangers in die Queen's Hotel aangebied. Op die foto is prof. S. J. du Plessis, wat as gasspreker opgetree het, aan die woord.

## *Al die Veld is Vrolik*



Dié twee vriendelike dametjies is mejj. M. Smit en H. Venter, albei van die Puk.

**na aksie.. satisfaksie**




**vol-ja smaakvol**

VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA VIR RIGGIO TOBACCO CORPORATION OF NEW YORK

Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
**BOUQUET**
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP
in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. **12 en 2582**
Kerkstraat 122 Posbus 171

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
**FOTOKUNS**
*vir*
**PORTRETTE**
*en*
**GROEPFOTO'S**
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**
**RO REGE-PERS BPK.**
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"*
Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497
H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM


*Dit is die snit wat tel . . .*
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies
**J. Tod Suttie**
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 1

*Die Wapad*
VRYDAG 24 JULIE 1964

# Liberalisme daadwerklik probleem

Liberalisme is 'n daadwerklike probleem in ons huidige Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom is dit goed dat die A.S.B. by die pas afgelope kongres sy aandag aan die liberalisme geskenk het.

Wat egter die mees bemoedigende verskynsel van die kongres was, is dat die A.S.B. daarin geslaag het om die „pro"-aspek van sy standpunt te beklemtoon. Die bestryding van 'n verskynsel soos liberalisme is beslis goed te keur, maar 'n organisasie wat slegs gebaseer is op 'n „anti"-iets, sy dit antiliberalisme of anti-kommunisme, verloor al sy lewenskrag. Sy basiese uitgangspunt moet steeds iets **positiefs** wees, en nie iets negatiefs nie.

Die bestaansrede van die A.S.B. is nie bekamping van N.U.S.A.S. of van liberalisme nie, maar die handhawing, versterking en uitlewing van die Afrikanerstudent se Christelik-Nasionale beginsels. Die A.S.B. se afsku van liberalisme en aanverwante ideologieë spruit outomaties uit hierdie Christelik-Nasionalisme wat die antipode van hierdie volksvreemde leerstellings is.

Die A.S.B. se krag lê juis daarin dat hy gefundeer is op 'n kragtige, positiewe beginsel. Hierdie beginsel kan hy nie versaak sonder om ten gronde te gaan nie. Op die afgelope kongres het die klem tereg op hierdie beginsel as uitgangspunt van die hele A.S.B.-beleid geval. Uit hierdie positiewe beginsel vloei die A.S.B. se negatiewe antwoord op enige poging van die liberalisme om die Afrikaanse volksraad aan te tas.

# Konferensie geskiedkundig

Ook die konferensie van A.S.P.U. was 'n geskiedkundige een. Die welsyn en standaard van ons studentekoerante hang reeds in 'n groot mate saam met die van A.S.P.U., en dit sal in die toekoms in nog 'n groter mate die geval wees. A.S.P.U. se taak is die verhoging van die standaard van ons onderskeie studentekoerante, en elke leser van 'n studentekoerant het dus direk belang daarby.

Die belangrikste gebeurtenis op die konferensie was die besluit dat die voorsitter van A.S.P.U. voortaan sitting sal hê op die A.S.B.-hoofbestuur en die goedkeuring daarvan deur die A.S.B.-kongres. Ontsettende onkunde heers op baie sentra oor die A.S.B. Nouer skakeling tussen die studentekoerante en die A.S.B. is dus 'n dringende noodsaaklikheid.

**REDAKSIE**
**WAARNEMENDE HOOFREDAKTEUR:** Danie van Wyk.
**TEGNIESEREDAKTEUR:** Gert du Ru.
**VERSLAGGEWERS:** Wilna Krüger en Elma Venter.

## EEUE-OUE STRYD TUSSEN NOORDE EN SUIDE DUUR VOORT

**Eens op 'n tyd was daar vér oor die waters in 'n land wat hulle Amerika genoem het, twee dele — 'n Noorde en 'n Suide. Aangesien dit nog altyd mode was dat die Noorde en die Suide 'n effe van mekaar geskei moet wees (en dus van mekaar moet verskil) en die Amerikaners geen uitsondering wou wees nie, het hulle een of ander sakie gekry om oor te verskil.**

'n Amerikaner is egter 'n beter mens as die gewone en hulle moes toe noodwendig 'n entjie verder gaan. 'n Oorlog was die vanselfsprekende verdere stap.

**ENTJIE HOëR**

'n Eeu of wat later, op Woensdag 22 Julie 1964, was daar in 'n land wat hulle Suid-Afrika genoem het weer 'n Noorde en 'n Suide. Omdat die Suid-Afrikaner egter nog 'n entjie hoër is as die Amerikaner, moes hulle oorgaan tot die volgende stap na 'n oorlog om hul geskilpunt te besleg — 'n rugbywedstryd.

Op die dorpie Potchefstroom in Transvaal het Paul de Beer om 4.30 nm. sy vyftien uitgesoekte manne van die Noordelike inrigtings op die veld gelei om die stryd aan te knoop teen die span van Stellenbosch en Bloemfontein. Om 5.30 nm., na een van die bloedigste veldslae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, het Paul de Beer gehelp om sy gesneuweldes van die veld te dra en op die telbord het die ongevalle-lys gelees: 12 vir die Suide en 6 vir die Noorde.

Die spanne was: SUIDE: R. Beukes (B), W. Davel (B); G. Pretorius (S); D. Pretorius (S); P. Goossen (B); H. Coetzee (S), A. Lückhoff (S, Kapt.); D. du Toit (S), K. Jonker (S); L. van der Nest (B); C. Heys (S); N. Crowther (B); J. van der Merwe (S), E. van der Walt (S), J. Botha (B).

NOORDE: K. van der Walt (P.U.); F. van Deventer P.U.; G. Ferreira (N.K.P.); S. Reineke (G.O.K.); A. du Plooy (P.U.); F. du Plessis (P.U.), W. van Niekerk (U.P.); K. Louw (N.K.P.); P. de Beer (U.P., Kapt.); Smit (P.O.K.); W. Thysma (N.K.P.), R. du Plessis (P.U.); N. Oosthuizen (P.O.K.); C. Immelman (N.K.P.); D. Joubert (P.O.K.).

**PAN COETZEE**
*Mans- en Sport-Uitrusters*
TEL. 899
POTCHEFSTROOM
★
P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

**PARKSIG**
EIENDOMSAGENTSKAP
★ HUISE
★ PLASE
★ PLOTTE
★ BESIGHEDE
★ STANDPLASE
*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 —— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

**DIE BULT APTEEK**
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

**Die Bruidshoekie**
Die winkel vir alle
BRUIDSUITRUSTING
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels*
*Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

**AJAX**
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

**LA VOGUE**
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

*ONDERSTEUN*
*ONS*
*ADVERTEERDERS*

Joubert Fietswinkel & Elektriese Dienste
*Vir Dameshakkies en kleur van skoene.*
NOU VERSKUIF NA OU POSKANTOOR-GEBOU

*RUIKERS VIR ALLE GELEENTHEDE*
BOUQUET
BLOEMISTE
Johan Dreyer-gebou Tel. 2002
POTCHEFSTROOM

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . .”*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . .”*
*Besoek*
INGRAM SE DRANKWINKEL
Allerlei
- WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP

in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Tel. Nrs. 12 en 2582
Kerkstraat 122 Posbus 171

MOENIE KANSE VAT NIE . . .
*Kies*
FOTOKUNS
*vir*
PORTRETTE
*en*
GROEPFOTO'S
MAAK 'N AFSPRAAK —— SKAKEL NET 3185

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BPK.
*„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL”*
Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 & 497
H/v. Tom en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM


*Dit is die snit wat tel . . .*
- Alba Broeke
- Mentone Pakke
- Monatic Hemde
- Battersby Hoede
- Gregory Sokkies

J. Tod Suttie
*Volledige Mansuitrusters en Sporthandelaars*
POTCHEFSTROOM
Posbus 219 — Tel. 1

*Die Wapad*
VRYDAG 24 JULIE 1964

# Liberalisme daadwerklik probleem

Liberalisme is 'n daadwerklike probleem in ons huidige Suid-Afrikaanse samelewing. Daarom is dit goed dat die A.S.B. by die pas afgelope kongres sy aandag aan die liberalisme geskenk het.

Wat egter die mees bemoedigende verskynsel van die kongres was, is dat die A.S.B. daarin geslaag het om die „pro”-aspek van sy standpunt te beklemtoon. Die bestryding van 'n verskynsel soos liberalisme is beslis goed te keur, maar 'n organisasie wat slegs gebaseer is op 'n „anti”-iets, sy dit anti-liberalisme of anti-kommunisme, verloor al sy lewenskrag. Sy basiese uitgangspunt moet steeds iets positiefs wees, en nie iets negatiefs nie.

Die bestaansrede van die A.S.B. is nie bekamping van N.U.S.A.S. of van liberalisme nie, maar die handhawing, versterking en uitlewing van die Afrikanerstudent se Christelik-Nasionale beginsels. Die A.S.B. se afsku van liberalisme en aanverwante ideologieë spruit outomaties uit hierdie Christelik-Nasionalisme wat die antipode van hierdie volksvreemde leerstellings is.

Die A.S.B. se krag lê juis daarin dat hy gefundeer is op 'n kragtige, positiewe beginsel. Hierdie beginsel kan hy nie versaak sonder om ten gronde te gaan nie. Op die afgelope kongres het die klem tereg op hierdie beginsel as uitgangspunt van die hele A.S.B.-beleid geval. Uit hierdie positiewe beginsel vloei die A.S.B. se negatiewe antwoord op enige poging van die liberalisme om die Afrikaanse volksraad aan te tas.

# Konferensie geskiedkundig

Ook die konferensie van A.S.P.U. was 'n geskiedkundige een. Die welsyn en standaard van ons studentekoerante hang reeds in 'n groot mate saam met die van A.S.P.U., en dit sal in die toekoms in nog 'n groter mate die geval wees. A.S.P.U. se taak is die verhoging van die standaard van ons onderskeie studentekoerante, en elke leser van 'n studentekoerant het dus direk belang daarby.

Die belangrikste gebeurtenis op die konferensie was die besluit dat die voorsitter van A.S.P.U. voortaan sitting sal hê op die A.S.B.-hoofbestuur en die goedkeuring daarvan deur die A.S.B.-kongres. Ontsettende onkunde heers op baie sentra oor die A.S.B. Nouer skakeling tussen die studentekoerante en die A.S.B. is dus 'n dringende noodsaaklikheid.

REDAKSIE
**WAARNEMENDE HOOFREDAKTEUR:** Danie van Wyk.
**TEGNIESEREDAKTEUR:** Gert du Ru.
**VERSLAGGEWERS:** Wilna Krüger en Elma Venter.

# EEUE-OUE STRYD TUSSEN NOORDE EN SUIDE DUUR VOORT

**Eens op 'n tyd was daar vér oor die waters in 'n land wat hulle Amerika genoem het, twee dele — 'n Noorde en 'n Suide. Aangesien dit nog altyd mode was dat die Noorde en die Suide 'n effe van mekaar geskei moet wees (en dus van mekaar moet verskil) en die Amerikaners geen uitsondering wou wees nie, het hulle een of ander sakie gekry om oor te verskil.**

'n Amerikaner is egter 'n beter mens as die gewone en hulle moes toe noodwendig 'n entjie verder gaan. 'n Oorlog was die vanselfsprekende verdere stap.

**ENTJIE HOëR**

'n Eeu of wat later, op Woensdag 22 Julie 1964, was daar in 'n land wat hulle Suid-Afrika genoem het weer 'n Noorde en 'n Suide. Omdat die Suid-Afrikaner egter nog 'n entjie hoër is as die Amerikaner, moes hulle oorgaan tot die volgende stap na 'n oorlog om hul geskilpunt te besleg — 'n rugbywedstryd.

Op die dorpie Potchefstroom in Transvaal het Paul de Beer om 4.30 nm. sy vyftien uitgesoekte manne van die Noordelike inrigtings op die veld gelei om die stryd aan te knoop teen die span van Stellenbosch en Bloemfontein. Om 5.30 nm., na een van die bloedigste veldslae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, het Paul de Beer gehelp om sy gesneuweldes van die veld te dra en op die telbord het die ongevalle-lys gelees: 12 vir die Suide en 6 vir die Noorde.

Die spanne was: SUIDE: R. Beukes (B), W. Davel (B); G. Pretorius (S); D. Pretorius (S); P. Goossen (B); H. Coetzee (S), A. Lückhoff (S, Kapt.); D. du Toit (S), K. Jonker (S); L. van der Nest (B); C. Heys (S); N. Crowther (B); J. van der Merwe (S), E. van der Walt (S), J. Botha (B).

NOORDE: K. van der Walt (P.U.); F. van Deventer P.U.; G. Ferreira (N.K.P.); S. Reineke (G.O.K.); A. du Plooy (P.U.); F. du Plessis (P.U.), W. van Niekerk (U.P.); K. Louw (N.K.P.); P. de Beer (U.P., Kapt.); Smit (P.O.K.); W. Thysma (N.K.P.), R. du Plessis (P.U.); N. Oosthuizen (P.O.K.); C. Immelman (N.K.-P.); D. Joubert (P.O.K.).

PAN COETZEE
*Mans- en Sport-Uitrusters*
TEL. 899
POTCHEFSTROOM
★
P.U.-KLEURE
MANS- EN -SPORT-UITRUSTERS

PARKSIG
EIENDOMSAGENTSKAP
- ★ HUISE
- ★ PLASE
- ★ PLOTTE
- ★ BESIGHEDE
- ★ STANDPLASE

*Vir 'n eerlike transaksie sien of bel*
1486 —— Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

DIE BULT APTEEK
TOMSTRAAT 88b en 88c
*KOM*
*KYK NA*
*ONS . . .*
*N-U-W-E*
*PERSEEL!*
*ONDERSTEUN OUD-PUKKE*

Die Bruidshoekie
Die winkel vir alle
BRUIDSUITRUSTING
en haar gevolg volgens
*eie ontwerp en keuse*
Trourokke, Strooimeisie- en Blommemeisierokke
*Kunsruikers, Hooftooisels Sambreeltjies ens.*
FOON 3151
Kerkstr. 106 — Foon 3151
POTCHEFSTROOM

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458 — Posbus 43
Kerkstr. 159, Potchefstroom

LA VOGUE
*Die Besigheid van Kwaliteit*
Tel. 440 — Potchefstroom

*ONDERSTEUN*
*ONS*
*ADVERTEERDERS*

Die POOTJIE

JAARGANG IX NR. 6

SPESIALE KUNSFEESUITGAWE

STUDENTEBLAD VAN DIE POTCHEFSTROOMSE ONDERWYSKOLLEGE

Uitgegee onder beskerming van die S.R. van P.O.K.

VRYDAG 24 JULIE 1964

POTE—WEES TROTS OP U KLEURBAADJIE—WEES TROTS OP U VOORKOMS!

U het reg daarop! Want u dra VEKA-kleurbaardjies, en VEKA-klerasie word voorsien deur die „Studentewinkel"

PAN COETZEE

Telefoon 899, 3535 en 844

KERKSTRAAT — POTCHEFSTROOM

# DOKTOR JOOSTE OPEN KUNSFEES

## HOË EISE AAN STUDENTE

**Die amptelike opening van die agtste A.S.B.-Kunsfees is Maandagmiddag 20 Julie waargeneem deur Dr. Jooste, die nuwe rektor aan P.O.K.**

Doktor Jooste het 'n klein gehoor van kunsfeesgangers toegespreek en al die verskillende kolleges en universiteite se studente welkom geheet. Hy het onder andere gemeld dat hy bly is om sy alma mater, U.O.V.S., hier verteenwoordig te sien.

„Dit is die eerste amptelike plig wat ek as rektor van die P.O.K. uitvoer en ek is dankbaar dat dit so 'n aangename begin is," het doktor Jooste gesê. Verder het dr. Jooste die hoop uitgespreek dat al die studente baie tuis hier op Potchefstroom sal wees en dat die kunsfees vir elkeen 'n onvergeetlike ervaring sal wees.

In 'n kort toespraak het dr. Jooste gesê dat dit verblydend is om te sien dat die jeug bewus is van die skoonhede van die skepping en dit probeer uitbeeld.

„Die hedendaagse lewe ondervind 'n gebrek aan kuns en kunssinnigheid. Juis daarom is ons dankbaar vir die opofferings wat deur elke individuele student gemaak word om die kunsfees 'n sukses te maak."

Ter afsluiting het dr. Jooste die hoop uitgespreek dat die kunsfees van 1964 vrugbaar sal wees en verreikende gevolge sal hê.

**DAS HERBST**

Na dr. Jooste het mnr. Das Herbst die studente toegespreek en gesê dat die Departement vir Kulturele Aangeleenthede baie belang stel in die Kunsfees.

Dit is die agste jaar dat die kunsfees en kongres saam plaasvind.

Mnr. Herbst het die studente 'n aangename kunsfees en gesonde wedywering toegewens. „Laat ons verryk en gevorm word vir dié tyd wanneer ons as studente in die praktyk moet staan".

Die dank van die hoofbestuur is oorgedra aan die P.O.K. en die P.U. vir C.H.O. vir die puik reëlings en organisasie in verband met die kunsfees en kongres.



Dr. Jooste, nuwe rektor aan P.O.K., aan die woord tydens die opening van die kunsfees.

Foto: Fotokuns



Mnr. D. A. S. Herbst spreek die kunsfeesgangers toe. By hom sit mnre. Kobie van der Walt en C. Squier en dr. Jooste.

Foto: Fotokuns



„EENDAG . . ."

* * *

Met hierdie portretstudie in wit en swart het mej. G. Botha van P.O.K. 'n derde plek verower. Die gehalte van hierdie foto is 'n duidlike aanduiding van die hoë standaard wat in hierdie afdeling van die kunsfees gehandhaaf is.

* * *

# Uitstekende Fotografie

**Die fotografiese uitstalling wat in die Ferdinand Postma biblioteek gehou is, getuig van vaardigheid en 'n diepliggende kennis van tegniek van fotografie. Die studente het goed gereageer en heelwat foto's en kleurskyfies is uitgestal.**

**A. Geleentheidsfotografie:**

1. J. A. Raubenheimer (N.-K.P.). Hierdie foto is verkies vir die trefkrag van die opname vanweë die korrekte plasing van die blom. Ietwat konvensioneel, maar 'n mooi foto.

2. J. J. Venter (P.U. vir C.H.O.). Bekroon vanweë die goeie beligtingstegniek en spontane, lewendige pousering.

3. Die derde plek is gedeel deur J. J. Venter van P.U. vir C.H.O. en J. A. Raubenheimer van N.K.P.

**B. Portretstudie:**

1. J. J. Venter. (P.U. vir C.H.O.). Die bekroning is eintlik vanselfsprekend vanweë die humoristiese tema. Miskien 'n bietjie te veel agtergrond. Minder agtergrond en 'n groter figuur sou meer trefkrag gehad het.

2. J. A. Raubenheimer (N.-K.P.). Baie kleurvol.

3. J. J. Venter (P.U. vir C.H.O.). Amusant en tegnies baie goed.

**C. Natuurtonele:**

1. E. H. Enslin (P.U. vir C.H.O.). Baie mooi spel van lig en skaduwees.

2. J. van N. Lambrechts. (P.O.K.). Fontein in aand.

3. J. J. Venter (P.U. vir C.H.O.). Bruisende water en spel van lig daarop. Veral mooi is die tekstuur van die water.

**D. Portretstudie.**

(Wit en Swart)

1. Mej. C. F. van der Linde (P.O.K.). „Huiswerk". Storie vol aktiwiteit. Agtergrond is ietwat leweloos.

2. B. C. Müller (P.O.K.). „Carole", Lewendige uitdrukking op gesig en oë.

3. Mej. G. W. Botha. (P.O.K.) „Eendag". Tegnies nie baie goed nie. Bekroon vanweë die „storie" en goeie titel.

# Dameskongres geslaag

**'n Uiters geslaagde dameskongres is op Maandag, 20 Julie, gehou onder Voorsitsterskap van mej. Kristie Jordaan.**

Vier onderwerpe wat deur dames van U.O.V.S., P.O.K., N.K.P. en P.U. vir C.H.O. ingelei is, het gelei tot entoesiastiese bespreking. Die dames was mejj. Isabeau Joubert, Nakkie Muller, Nelia Oberholzer, Martie van Rensburg en Kristie Jordaan.

**SELFSTANDIGHEID**

Die algemene gevoel op die kongres was 'n neiging tot selfstandigheid. Die dames het te min tyd tot hulle beskikking gehad om hulle genoegsaam te kon uitspreek en 'n voorstel is gemaak dat hulle in die loop van die kongresweek weer sal vergader.

Skrywe sal tot die hoofbestuur gerig word in verband met die reëlings van 'n dameskongres vir 1965 en wat dan hopelik 'n vaste instelling sal word.

Mej. Jeanette van der Walt het as o/voorsitster en mej. Iolanthé Luyt as sekretaresse op hierdie eerste bestuur gedien.

MOENIE KANSE VAT NIE . . .

Kies

FOTOKUNS

vir

PORTRETTE

en

GROEPFOTO'S

Maak 'n afspraak

SKAKEL NET 3185

**J. TOD SUTTIE**
KERKSTRAAT 177
POTCHEFSTROOM
*„Dis die fabrikaat wat tel"*
Battersby, Tootal, Monatic, Tux, Gregory, Consulate, ens.
*ALLES HIER VERKRYGBAAR*

★
SLEEP
STRAAT/OP
EN STRAAT/AF,
MAAR SLEEP IN BY
**DIE INSLEEP**

**PROTEA APTEEK**
*vir*
*TEATERGRIMERING*
TELEFOON 1269
★ Fotografiese benodigdhede
★ Helene Rubenstein Skoonheidsalon
★ Trou- en Verjaarsdag geskenke
★ Baba-afdeling

**BEYERS CLAASSEN**
ALLEEN LOMBARDSTRAAT
*BESOEK ONS VIR U FOTO'S*

***HAROLD'S***
*AUTOMOBILE SERVICE STATION*
●
Agente vir
DATSUN ★ FIAT ★ ALFA
●
—Tel. 229—

**ARCADIA Haarkappers**
KERKSTRAAT 81
★
Onder nuwe bestuur
★
Spesiale pryse vir studente

**JOUBERT'S Fiets- en Elektriese Dienste**
★
SKOENREPARASIES
veral dames wat hul skoene so deursleep




## KUNSFEES DIEN TOT VORMING

Die kunsfees van die Afrikaanse Studentebond (A.S.B.) het weer eens bewys gebring dat die Afrikaner, en in besonder die Afrikaanssprekende, 'n hoë waardebesef handhaaf en steeds doelbewus en doelgerig strewe na die voortsetting en uitbouing van die kultuur van ons volk.

Die kunsfees van die A.S.B. wat jaarliks plaasvind, word in sy geheel deur Afrikaanse studente georganiseer en behartig. Die sukses van die afgelope kunsfees en die baie hoë standaard wat deurgaans gehandhaaf is, spreek boekdele en is 'n duidelike bewys van die potensialiteite waaroor die Afrikaanse studente beskik en die wyse waarop hulle dit in die praktyk toepas.

Elke Afrikaanse student vind in die A.S.B.-kunsfees die geleentheid om homself te verreik en op alle terreine betreffende kultuur, uit te leef.

„Die intelligensia van 'n volk se toekoms kan gevind word aan sy universiteite en kolleges". Hierdie stelling het met die pas afgelope kunsfees weer tot sy volle reg gekom. Elke deelnemer aan die kunsfees beywer hom of haar bewustelik vir die uitbreiding en bevordering van die Afrikaanse Kultuur.

Die opvoedkundige implikasies van die A.S.B.-kunsfees is van onskatbare waarde. Die mens moet gevorm en voorberei word tot taakbewussyn, taakaanvaarding en taakbevoegdheid. Kultuur speel 'n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doel. Volwassenheid in die kultuur moet eers verwerf word en daarom moet die student homself in die kultuur verdiep voordat kultuuroordrag kan plaasvind.

Vanweë die moderne, hoogsgekompliseerde aard van ons samelewing met sy snelontwikkelende kultuur, is die sistematiese inlywing van die student in hierdie samelewing die belangrikste middel waardeur die nuwe geslag gevorm kan word tot voortsetting en uitbreiding van die mens se taak hier op aarde.

Die A.S.B.-kunsfees van 1964 het baie bygedra tot die vorming, uitbouing en verbetering van die Afrikaanse student en die kultuur van ons volk.

## GESLAAGDE A.S.P.U.-KONFERENSIE

**Die mees geslaagde konferensie van die Afrikaanse Studentepersunie is vanaf Dinsdagaand 21 Julie tot Donderdag 23 Julie by die P.O.K. gehou.**

Verskeie sentra was verteenwoordig op die konferensie wat deur die afgetrede voorsitter, mnr. A. van Wyk, bestempel is as die mees geslaagde en suksesvolle konferensie wat nog deur die A.S.P.U. gehou is.

Die konferensie was gekenmerk deur hoogs interessante besprekings en vrugbare besluite.

Die afgevaardigdes het beslis baie baat gevind by die leersame referate wat deur deskundiges gelewer is. Altesame sewe referate is gelewer deur o.a. mnr. G. J. Pienaar, hoof van die fakulteit Perswetenskappe; Professor doktor S. J. du Plessis, Direkteur van Ontwikkeling aan die P.U. vir C.H.O., en mnr. S. Hoogenboezem.

Verskeie grondwetlike wysigings is bekragtig waaronder:
1. Die voorsitter sal op die hoofbestuur van die A.S.B. dien as Direkteur van Publikasies.
2. Die samestelling van die hoofbestuur van A.S.P.U. is verander. 'n Skakelbeampte sal aangestel word om kontinuiteit te bewaar.
3. In die toekoms sal elke sentrum vier afgevaardigdes na die konferensies kan stuur i.p.v. die huidige twee.

Verder word kompetisie tussen die verskillende studenteblaaie in die vooruitsig gestel.

Donderdagmiddag is die nuwe hoofbestuurslede gekies a.g.v. die bedanking van mnr. van Wyk. Die nuutverkose lede is die volgende:
*Voorsitter* — mnr. L. Swart (U.P.).
*Onder-voorsitter* — mnr. D. Strydom (U.P.).
*Sekretaris* — mnr. J. Schoeman (P.O.K.).
*Binnelandse nuus* — D. Beyers (U.S.).

DIE POOTJIE

**HOOFREDAKTEUR:** Job Schoeman.
**TEGNIESE ADVISEUR:** Gert de Ru.
**REDAKTEURS:** Koos Robinson en Manie van Rensburg.

# *Min Inskrywings Vir Instrumentaal*

Ten spyte van 'n baie koue saal en teleurstellend min inskrywings, was die standaard van die instrumentale afdeling deurgaans baie bevredigend. Veral N.K.P. het in hierdie afdeling goed presteer.

Beoordelaars: Mnre. E. Künkel en Koornhof.

UITSLAE:
**I. KLAVIERSOLO:**
**a. Polifoniese Komposisie:**
1. Mej. M. C. Muller. N.K.P.
2. Mej. L. F. van Jaarsveld, B.O.K.
3. Mej. A. C. M. Prinsloo, B.O.K.
**b. Klassieke Komposisie.**
1. Mej. L. van Rooyen, U.P.
2. T. Kühn, N.K.P.
3. Mej. L. F. van Jaarsveld, B.O.K.
**c. Romantiese Komposisie:**
1. Mej. M. C. Mulder, N.K.P.
2. Mej. J. Watermeyer, U.O.V.S.
3. Mej. L. van Rooyén, U.P.
**d. Moderne Komposisie:**
1. E. van Biljon, U.O.V.S.
2. Mej. M. C. Mulder, N.K.P.
3. Mej. H. Kromhout, N.K.P.
**e. Kunstenaarsprogram.**
1. Mej. H. Kromhout, N.K.P.
1. Mnr. T. Kühn, N.K.P.
1. Mej. M. C. Mulder, N.K.P.
**II. KLAVIERDUET:**
1. Mejj. A. C. M. Prinsloo, B.O.K.
L. van Jaarsveld, B.O.K.
**ORREL:**
Solo:
1. Mej. A. M. Venter, P.U. vir C.H.O.
2. T. Kühn, N.K.P.
**(Beoordelaar:** Mnr. H. Coetzee).

## STANDAARD VERHOOG BY REDENAARS

**„Kuns is 'n ordelike voortbrengsel en realisering van 'n emosionele ervaring van 'n geordende mens, hetsy die uiting realisties, impressionisties of surrealisties sou wees", — aldus mej. van der Merwe van P.O.K., die dameswenner van die redenaarskompetisie van die A.S.B., wat gehou is op Dinsdagaand 21 Julie.**

Mej. van der Merwe, wat oor 'n uitstekende voordrag vermoë beskik, het haar goed van haar taak gekwyt en vorendag gekom met 'n sistematies-uitgewerkte redenasie. Om haar die wennende plek te besorg, het sy onderhoudend gepraat oor 'n onvoorbereide onderwerp wat minder geslaagd was betreffende inhoud maar wat tog getref het as gevolg van haar aangename optrede.

Mej. van der Merwe het die eerste plek in die algemene afdeling van hierdie kompetisie gedeel met mnr. Boy Geldenhuys van Stellenbosch, wat ook die wenner was van die mansafdeling — met sy toespraak, „sal oorsese boikotte S.A. van sy ingeslane weg van aparte ontwikkeling afdwing?" Mnr. Geldenhuys het die beoordelaars beïndruk met sy pragtige taalgebruik en uiters interessante begin en die mooi ferme optrede wat hy deurgaans behou het. Ook mnr. Geldenhuys se onvoorbereide toespraak het beïndruk en is beskryf as 'n „mooi poging".



Mej. A. VAN DER MERWE (P.O.K.)
*(Foto deur Fotokuns)*

In die mansafdeling het mnr. Arrie de Beer van die P.U. die tweede plek verower met, „S.W.A. gaan die V.V.O. die stok gee wat blanke S.A. gaan doodslaan", as onderwerp. Hy het 'n goeie indruk gemaak met 'n mooi optrede en imponerende stem.

Mej. A. Retief van N.K.P. het in die dames-afdeling tweede gekom met haar toespraak oor die sportmal Afrikanerwaartydens sy 'n mooi en lewendige optrede geopenbaar het en ook 'n vaste kontak met haar gehoor daargestel het.

In die geheel gesien was hierdie kompetisie een van die mees suksesvolle van die huidige A.S.B.-Kunsfees.

J.R.

*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG . . ."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN . . ."*
*Besoek*
**INGRAM SE DRANKWINKEL**
*Allerlei*
● WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
● DRUIWESAP, SIDER, LEMOENSAP TAMATIESAP in bottels en blikkies
*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*
Posbus 171 Tel. 12 en 2582
KERKSTRAAT 122, POTCHEFSTROOM

# Beeldende Kunste lewer hoë standaard

**Die A.S.B.-Kunsfees van 1964 het weer kunswerke van hoogstaande gehalte opgelewer. Die onderskeie inrigtings het met groot geesdrif deelgeneem.**

Sekere mediums het egter nie die aandag van die kunstenaars geniet nie. In die afdeling beeldhouwerk, byvoorbeeld, was daar net een inskrywing. Kunstenaars kan gerus probeer om die minder bekende kunsmediums te eksploiteer.

Hier volg die wenners van die onderskeie afdelings:

**1. Olieverf, Landskap:**
1e Plek: H. Badenhorst, N.K.P.
2e en 3e Plekke: A. Fell, N.K.P.

**2. Olieverf, Portret:**
1e Plek: H. Mathlener, G.O.K.
2e Plek: R. Badenhorst, N.K.P.
3e Plek: H. Badenhorst, N.K.P.

**3. Waterverf, Landskap:**
1e Plek: A. Esterhuizen, N.K.P.
2e en 3e Plekke: R. Roberts, N.K.P.

**4. Tempera, Guach.**
1e Plek: B. van der Merwe, N.K.P.
2e Plek: E. Esterhuizen, N.K.P.
3e Plek: H. Badenhorst, N.K.P.
en S. Niemand, N.K.P.

**5. Conté (Vetkryt):**
Die eerste 3 plekke is verower deur W. Jensma, N.K.P. Ook in die 3e plek is A. Fell, N.K.P.

**6. Plouter-werk:**
1e Plek: V. Nortje, G.O.K.
2e Plek: A. Strauch, G.O.K.

**7. Ink:**
3e Plek: W. Jensma, N.K.P.

**8. Potlaad:**
1e en 2e Plekke: S. Niemand, N.K.P.

## Damestudente stig Bond

Die dames van die Afrikaanse Studentebond het vandeesweek „afgestig''. Dameslede sal in die toekoms hul eie kongresse hou, maar dit sorteer nog onder die hoofkongresse van die studentebond wat eenmaal elke jaar plaasvind.

Mej. Kristie Jordaan, damesverteenwoordigster op die studenteraad van die Potchefstroomse Universiteit is tydens gisteroggend se besprekings as voorsitster van die „Damesstudentebond'' gekies. Mej. J. van der Walt van die Potchefstroomse Onderwyskollege is ondervoorsitster, terwyl mej. I. Luyt van Universiteit Pretoria tot sekretaresse verkies is.

Tydens die eerste samespreking wat gisteroggend gehou is, is die plek van die dame in die kultuur- en sportaktiwiteite aan universiteite, hoofsaaklik bespreek.




**H. Mathlener van G.O.K. het die eerste prys verower vir hierdie Portretstudie in olieverf.**

# ★ FOTOBEELD ★



**VERPOSING . . .** *(Foto deur Fotokuns)*



*Ons het „vreetsaam" verkeer . . .*

*en „dikker" vriende uitmekaar gegaan.*



**Die Inligtingsburo aan die „werk"?** *(Foto deur Fotokuns)*



*(Foto deur Fotokuns)*

# SANGUITVOERING IN KONSERVATORIUM

**Dinsdag se verrigtinge in die konservatoriumsaal het weer eens bewys dat daar op die hedendaagse studente gereken kan word om die kunstenaars van die toekoms te lewer. Die sang van elke individuele deelnemer was uitmuntend en daar sal in die toekoms beslis nog van sommige van hierdie studente gehoor word.**

Indien daar uitsonderings gemaak moet word, moet die naam van mej. Marita Knobel van die Universiteit Pretoria beslis genoem word. Mej. Knobel is 'n baie belowende sangeres en sy het in beide die afdelings Afrikaans Kunslied en Opera-arias die eerste plekke verower.

Die kritiek van die beoordelares, mev. Craig, was simpatiek en opbouend.

**A. Die Afrikaanse Kunslied:**

In hierdie afdeling was die dames eerste aan die beurt en die verrigtinge het glad verloop en was van hoë gehalte. Die eerste plek is ingeneem



**Mej. M. KNOBEL (U.P.)**
*(Foto deur Fotokuns)*

deur mej. Marita Knobel van die Universiteit Pretoria met 85%. Kort op haar hakke was nog 'n uitblinker van U.P., mej. A. Grobler, met 82%. Die derde plek is ingeneem deur mej. E. Fouché van B.O.K. Die puntetoekenning was 79%.

Kritiek in hierdie afdeling was veral gerig teen die soprane wie se kopnote nie na wense was nie.

**B. Opera-arias:**

In hierdie afdeling is weer eens baie goeie vertolkings gelewer en ook hier het die U.P. uitgeblink.

Die eerste plek is gevul deur mej. M. Knobel met 87% en tweede was mej. A. Grobler met 84%.

Kritiek was gerig teen die vertolkings wat neig om na die inleiding stadiger te word. Die fout moet in hierdie opsig miskien gesoek word by die begeleiding.

Direk na die opera-arias het die mans aan die beurt gekom.

**C. Die Afrikaanse Kunslied vir mans:**

Die beoordelares, mev. Craig, het haar blydskap uitgespreek oor die groot aantal mans wat deelgeneem het. Dit is verblydend aangesien daar dikwels gesoek moet word na mans wat bereid is om aan kunsfeeste en soortgelyke kompetisies deel te neem.

„Ons het vanoggend baie goeie mansstemme gehoor en hulle verdien beslis aanmoediging," het mev. Craig gesê.

In hierdie afdeling was daar geen toekenning in die eerste plek nie. Dit is egter merkwaardig dat die puntetoekennings baie na aan mekaar was. Die uitslae was soos volg:

Ferriera (Bloemfontein) 82%.
Markgraaf (N.K.P.) 80%.
Slabbert (B.O.K.). 80%.
Bester (P.O.K.) 80%.
Beukes (N.K.P.) 79%.

**D. Die Kunstenaarsprogram:**

In hierdie afdeling het daar, na die aanvanklike hoë standaard, 'n effense verslapping ingetree.

Mev. Craig het die deelnemers gemaan om die program sorgvuldig te kies en saam te stel. Afwisseling in styl en tempo is 'n vereiste. Ten minste een van die verkose stukke moet vinnig wees.

'n Vermaning is veral gerig ten opsigte van begeleiding. Hoewel die begeleiding nie beoordeel word nie, moet dit tog van 'n hoë standaard wees om reg te laat geskied aan die vertolking van die lied.

Die Universiteit van Pretoria het, soos in die eerste twee afdelings, weer die toon aangegee. Die uitslae was soos volg:

1. Mej. A. Grobler. U.P.
2. Mej. M. Knobel U.P.
3. Mej. C. H. Grobler N.K.P.

Na middagete is die afdeling vir duette, trio's en kwartette afgehandel.

# Volkspelekursus is groot sukses

Een van die hoogtepunte van die Kunsfees vir die Volkspelers was die kursus aangebied in Volksang en Volkspele. Nig. Marie Vosloo het met haar puik spelleiding van die kursus 'n aangename gebeurtenis gemaak. Deur haar spontane leiding het sy die studente se samewerking gou gekry en behou.

Speletjies is gou onder die knie gekry en selfs die moeilike spele soos „Saam na die Noorde" en „O, my liewe Martatjie" is in 'n japtrap geleer. Talle nuwe liedjies is ook geleer en het bygedra om die eenheidsgees te versterk. Liedjies wat in beurtsang en stemme gesing is het die kursusgangers in staat gestel om 'n voorsmaak te kry van hoe om dit later in hulle eie laers toe te pas.

Die kenmerkende geskerts van die studente het nie uitgebly nie en het weer mooi glimlaggies op die moeë gesigte laat verskyn, wat weer verder daartoe bygedra het dat die kursus sal uitstaan as dié byeenkoms van Studentevolkspelers vanjaar.



**BALKE ! ! !** *(Foto deur Fotokuns)*

# P.U. WEN VOLKSPELE

Verlede Maandagmiddag is die jaarlikse Volkspelekompetisie in die Totiusgedenksaal gehou en die groep van die P.U. het vanjaar daarin geslaag om met die louere weg te loop. Tukkies was tweede, terwyl N.K.P. en U.O.V.S. gesamentlik derde geplaas is.

Die beoordelaars, mnr. en mev. Vosloo, het gesê dat die standaard besonder hoog was en dat beoordeling op 'n negatiewe basis moes plaasvind. Die groep wat tegnies die minste foute gemaak het, is as die wenners aangewys.

**KURSUS**

Die res van die week is 'n Volkspelekursus onder leiding van tannie Marie Vosloo in die Totiussaal aangebied.

*DIE POOTJIE word gedruk deur Enslins, Potgieterstraat 31, Potchefstroom, vir die uitgewers, die S.R. van die Potchefstroomse Onderwyskollege.*

# LIBERALISME SLAAN TANDE DIEP

**Die liberalisme het sy tande diep geslaan in die sedelike lewe van die Afrikanervolk, het mnr. S. M. Reyneke in 'n referaat oor die liberalisme en sy verskyningsvorme in moraal en die huwelik op die A.S.B.-kongres verklaar.**

In die uitoefening van sy negatiewe vryheidsgedagte wil die liberalis ook in die huwelik vry wees sodat die liberalisme in die huwelik 'n ontbindende mag is.

Die jaarlikse toename in die aantal egskeidings, het mnr. Reyneke verklaar, moet as bewys beskou word dat die liberalistiese opvattinge met betrekking tot die huwelik nie steek hou nie.

**BELANGRIKE VERSKYNSELS**

Van groot betekenis is die benadering tot die huwelik. Afgesien van die vraagstuk van onvolwassenheid is daar vyf belangrike verskynsels wat as „liberalisme in die huwelik" saamgevat kan word. Hierdie vyf verskynsels is: gemengde huwelike, d.w.s. ten opsigte van ras; godsdiensvermenging in die huwelik; te vroeë huwelike; die emansipasie van die vrou in die huwelik en eindelik die verbreking van die huwelik deur egskeiding.

Die liberalisme se neiging om die huwelik bloot as 'n saak tussen twee persone te sien, lei daartoe dat sosiale bindings al hoe meer verdwyn. Dit het 'n saak geword waaroor familie en samelewing niks te sê het nie. Die huwelik is uit die breë familieverband uitgeneem.

**MENSLIKE VERBINTENIS**

Maar die liberalisme het ook sekularisasie ten opsigte van die huwelik gebring. „Dit is losgemaak van God se instellinge en van God se beskikking daaroor. Dit het 'n suiwer menslike verbintenis geword sowel wat oorsprong, doel, bestemming as inrigting betref.

# Bestryding van Kommunisme: Mosie

'n Mosie in verband met die bestryding van kommunisme is aangeneem en goedgekeur op Maandag, 20 Julie, in teenwoordigheid van die NUSAS-ondersteunende J. C. E. (Johannesburg College of Education). Dit was 'n mosie van mnr. Danie du Toit van Stellenbosch.

**AAN KAAK STEL**

Die mosie lui dat die kongres die optrede en middel van die Suid-Afrikaanse owerheid en ondermynende en kommunistiese bedrywighede aan die kaak stel;

dat die kongres sy hartlike dank aan die genoemde owerhede betuig vir die snelle ou effektiewe optrede in die beskerming van ons land en inwoners;

dat die kongres hom op 'n positiewe wyse sal verbind aan die bestryding van kommunistiese verskyningsvorme in ons volkslewe.

Hierdie mosie het algemene byval gevind by nege-tiendes van die vergadering.

*U het volop keuse in ons verskeidenheid*

● BOEKE VIR STUDIE EN VIR ONTSPANNING

PRO REGE-PERS BPK.

*„Dié Potchefstroomse Boekhandel"*

Kerkstraat 91-95 Telefoon 1164 en 497
H/v. Tom- en Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

Pat's Motors
*Ons*
VOLKSWAGEN
*HANDELAAR*
*
TEL. 2886
KONTAK: STEVE VOLKSIE

Turkstra BAKKERY
KERKSTRAAT 61, POTCHEFSTROOM
BROOD, KOEK, VAN GROTES TOT KLEINTJIES, EN BOEREBESKUIT
*Alles slegs vir die student — Veral ons eie gemeenskap*
ONS LEWER BESTELLINGS OOK AF

Het u geweet dat die
BULT APTEEK
alles kan verskaf wat u wil hê —en dit binne die kortste tyd?
TEL 3091
TOMSTRAAT 86,
POTCHEFSTROOM

As die Studente deur die straat marsjeer . . ."
draai hulle in by
CLAASSEN & GROBLER
MANS-, SPORT- en KINDERUITRUSTERS
Kerkstraat 193 * Potchefstroom
*VRIENDELIKSTE DIENS en BESTE GEHALTE*

# LIBERALISME HET INVLOED OP KERK EN TEOLOGIE

**Die liberalisme het reeds diepgaande invloed op kerk en teologie uitgeoefen, word verklaar in 'n referaat oor die liberalisme en die kerk wat op die A.S.B.-kongres deur mnr. A. G. Schutte voorgedra is is.**

Mnr. Schutte haal in hierdie verband dr. Brillenburg-Wurth aan wat verklaar dat die liberalistiese uitwissing van grense tussen God en mens daarvan oorsaak is dat grense op allerlei gebied uitgewis is, dat argwaan teenoor die kerk en sy gesag gewek is.

**..Die vrysinnige bewegings het wêreldwyd die historisiteit van die Bybel in twyfel getrek die wonder daaruit gehaal en die evangelie gedevalueer tot, „lesse en voorskrifte van Jesus Christus". Christus is al beskryf as, „'n groot filosoof en mensevriend van wie die spreuke en uitsprake 'n rigsnoer vir die mens is".**

Teenoor 'n veraardsde God, 'n vae opperwese, word groot waarde aan die natuurwet geheg. Die hand van God word in natuurrampe as onmoontlik gesien. Gebedsverhoring het in hierdie verband ook weinig plek.

In die modernistiese teologie is die sondebegrip tot onvolkomendheid getemper en het die kerk 'n vrywillige assosiasie van mense geword met die doel van aanbidding en godsdienstige onderrig in plaas van 'n gemeenskap van die heiliges. Ook in die kerk het die individu die gesagsbron geword.

Vir die modernistiese teologie bestaan die oplossing van die kleurvraagstuk in die uitwissing van alle grense, in gelykheid en broederskap, in die handhawing van menseregte, maar dan nie as voorregte van God afkomstig nie, maar as 'n outonome reg.

Die liberalisme in die kerk openbaar hom ook in die ekumeniese vraagstuk, die poginge om 'n verenigde front van kerke te stig. Pogings word in die werk gestel om een oorkoepelende instituut daar te stel wat o.m. alle volksgrense moet ophef en in wese 'n aardse vooruitgrype na die hemelse koninkryk is.

# LIBERALISME IN S.A. LETTERKUNDE MERKBAAR

**Onmiskenbare liberalistiese neiginge het die afgelope tyd in die Afrikaanse letterkunde kenbaar geword, het mnr. J. J. Swanepoel in 'n referaat oor die invloed van die liberalisme op die kultuurlewe van die Afrikaner op die A.S.B.-kongres verklaar.**

Die kunsteelaarde van die jongste skrywers wat hulle van die volksgevoel en volgsagtergrond losgemaak het, is Europa, veral Parys.

Die drang na absolute ongebondenheid skemer oral deur. Voorbeelde van die ongebondenheid kom duidelik voor in **Lobola vir die Lewe** van Andre P. Brink. Selfs gebruiklike en erkende punktuasie word soms geheel en al vermy en ongebruik gelaat. In een stadium vertel Brink 'n staaltjie gelyktydig op twee maniere en vleg dit heeltemal deurmekaar in alternatiewe reëls — ongebonde aan enige literere norme.

**UNIVERSELE MENS**

Die moderne neiging in die Afrikaanse letterkunde is ook om die „universele mens" te soek. Die liberaalgeoriënteerde drang tot beskrywings van amper dierlike grofheid, van futloosheid en lewensmoegheid, van doelloses en ontnugterdes, soekende na hulle weet nie wat of waar nie, bring mee dat die liberaliste hierdie neiging kan gebruik om die lewenswaardes van die volk af te takel sodat hierdie poel van demoralisering later deur die aktiewe kommunis gebruik kan word.

Beelde en toestande word reeds in die Afrikaanse letterkunde geskep om die Christelik-Afrikaanse kultuur in die dieptes de sleur. Dit blyk uit Etienne Deroux se **Sewe Dae By Die Silbersteins** Henry met die silwer siel" staan midde in 'n immorele groep. Maar nooit keur hy af of verdedig hy sy eie geestesgoedere nie. Trouens heel aan die einde praat hy feitlik vir die eerste keer en veroordeel hy dit waarvan hy as simbool staan met die woorde, „die fout lê by ons blankes, ons moet leer om van ons gevestigde gewoontes ontslae te raak." Eers hierna word hy werklik aanvaar en deel hy in al hul losbandigheid.

**VERPLIGTING AFGESTOMP**

Mnr. Swanepoel verklaar in hierdie verband: „In so 'n mate het die liberalistiese ideses van vrye denke reeds ons letterkunde bereik dat die besef van verpligting teenoor volk en vaderland by die kunstenaar reeds afgestomp is."

Hy verklaar voorts dat daar in die Afrikaanse letterkunde ook reeds heelwat van die eksistensialisme te bespeur is, die denkskool wat gegrond is op begrippe soos die absolute sinloosheid van die bestaan, die belangrikheid van die wêreld, die negering van alle skeppinge.


**FLEURETTE BLOEMISTE**

Sleep in by Fleurette

*VIR JULLE BLOMME — SPESIALE AFSLAG*

KERKSTR. 143 TEL. 709

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**TRANSVALIA MEUBELS**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

POTCHEFSTROOM

*„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"*

**SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË**

**AANTREKLIKE LOOPBANE**

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied die volgende aantreklike loopbane aan gegradueerdes:

| | Indien in besit van | Aanvangsalaris |
|---|---|---|
| Assistent-ingenieur | B.Sc. Ing. | R2,250 p.j. |
| | B.Sc., B.Ing. (Stellenbosch) M.Sc. | R2,400 p.j. |
| | M.Ing. (Stellenbosch) Ph.D. D.Sc. | R2,550 p.j. |
| Metaalkundige / Skeikundige | B.Sc. | R1,950 p.j. |
| | Hons.-B.Sc. | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. | R2,250 p.j. |
| Bestekopmaker | Diploma Bourekening | R1,950 p.j. |
| | B.Sc. Bourekening | R2,100 p.j. |
| | M.Sc. Bourekening | R2,250 p.j. |
| Klerk (vir opleiding as administratiewe amptenaar) | 'n Baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis | R1,425 p.j. |
| | 'n Honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat die teoretiese deel van die magistergraad suksesvol voltooi is) of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis | R1,650 p.j. |
| | 'n Magistergraad | R1,875 p.j. |
| | 'n Doktorsgraad | R2,025 p.j. |

Nader besonderhede kan van die Hoofbestuurder, Kamer 39, Spoorweghoofkantoor, Johannesburg, verkry word.

LS/L/3546

**CASTLE LAGER**

Geniet dit koud!




Dit verkwik • Dit bevredig • Dit beur op

Grant 5933 2A

# REVOLUSIES DEUR KOMMUNISME GEINSPIREER

**Dit is wrede galgehumor dat die Weste van die Republiek van Suid-Afrika verg dat hy die weg betree wat sowel China as Laos in kommunistiese hande laat beland het, het mnr. A. M. van Schoor Maandagaand in sy openingsrede op die A.S.B.-kongres verklaar.**

Na Rivonia, het mnr. Van Schoor verklaar, kan daar geen twyfel bestaan dat die revolusie in Suid-Afrika deur die kommunisme geïnspireer word nie, maar nog word gevra dat die Republiek 'n konvensie met die leiers van die revolusie moet hê.

„Waarom sal Suid-Afrika konsiliasie met die magte van die duisternis aanvaar wanneer die daeraad van vryheid vir die Bantoe oor die heuwels van die Transkei daag", wanneer waaragtige vryheid vreedsaam en vrugbaar, sonder geweld en in harmonie met die blanke republiek ontplooi.

**STALIN**

Mnr. Van Schoor het verklaar dat Stalin in 1948 die strategie vir die kommunistiese wêreldsege beplan het. Dit het voorsiening gemaak vir 'n omsingelingsbeweging deur Oos-Asië, die Midde-Ooste, Afrika en Suid-Amerika.

Daardie kommunisteprogram vir wêreldekspansie het nog nooit verander nie, maar die taktiek wel, veral by die Russe. Waar die Chinese, onervare in die internasionale politiek met die harde brutale Stalinisme volhou, gee die Russe voor dat saambestaan moontlik is.

Suid-Afrika is nie bereid om hom deur die kommunisme te laat onderploeg nie, ook nie om hom aan die gangbare liberalistiese dwingelandy van die Westerse lande te onderwerp nie.

**VERSET**

„Suid-Afrika sal hom verset, tot die laaste, teen enige mag van buite wat hom wil oorheers".

Mnr. Van Schoor het verklaar dat hy aan die studente 'n boodskap van hoop wil bring. Twintig jaar is die konserwatiewe magte in die wêreld getiraniseer deur die liberalistiese leuens en wêreldbeskouing wat deur sy heerskappy oor die massakommunikasiemiddele van die wêreld alles wou gelykmaak.

„Maar die dwingelandy het uiteindelik die reaksie verwek — in die Verenigde State kom die konserwatisme van Goldwater in verset teen die verdwasing van die liberalisme.

Mnr. Van Schoor het voorspel dat 'n konfrontasie tussen konserwatisme en liberalisme op hande is. Geen maklike oorwinning moet egter verwag word nie. Die liberalisme domineer nie slegs die ganse westerse wêreld se kommunikasiemiddele nie maar die hele georganiseerde Westerse lewe — van studente tot die krek. Die roekeloosste verguising van die konserwatiewe denke wat nog in die geskiedenis ondervind is, moet verwag word.

Die afgelope jare is in die buiteland sowel as binnenslands herhaaldelik verklaar dat die tyd vir Suid-Afrika verstryk het. „Maar die tyd is in ons guns", het mnr. Van Schoor verklaar.

Die kongres van die Afrikaanse studentebond wat Maandagoggend in Potchefstroom begin het, het hom eenparig verbind om positief aan die bestryding van die kommunisme in al sy verskyningsvorme in die Suid-Afrikaanse volkslewe deel te neem.

Op voorstel van mnre. D. A. du Toit en W. P. van Niekerk, van die Universiteit Stellenbosch, het die kongres verder besluit: Die kongres heg sy goedkeuring aan die optrede van en die middele aangewend deur die Regering om ondermynende en kommunistiese bedrywighede aan die kaak te stel.

Die besluit lui verder: „Die kongres betuig sy hartlike dank aan die owerheid vir sy snelle en doeltreffende optrede in die beskerming van ons land en sy inwoners."

'n Groep waarnemers van die Johannesburgse Engelstalige onderwyskollege is op die kongres verwelkom. Teenoor hulle is egter beswaar uitgespreek dat hul kollege tydens die Nusaskongres deelgeneem het aan die eetstaking as gevolg van die aanhouding van sekere studente wat lede van Nusas is.

*Die Wapad word gedruk deur Enslins, Potchefstroom. Eienaars en uitgewers: Die S.R. van die P.U. vir C.H.O.*

# KUNSFEES OPENING

Dr. Jooste, rektor van die P.O.K. het Maandagmiddag om 2.00 nm. die kunsfees amptelik geopen en gesê dat hy die kunssinnige altyd waardeer wat verreikend inwerk in die algemeen.

Die President van die A.S.B. mnr. D. A. S. Herbst het hierna die vergadering 'n paar woorde toegevoeg en het dit veral gestel dat die kongres poog om noue kontak te hou met die kunsfees. Hy het die hoop uitgespreek dat daar 'n „gesonde wedywering en studentegees sal heers en dat daar volgende jaar nog 'n groter kunsfees sal wees."

Mnr. Kobie van der Walt, direkteur van kulturele aangeleenthede het die wens uitgespreek dat met hierdie kunsfees 'n strewe sal wees om kultuur uit te lewe.

Hy het ook 'n beroep gedoen op Kunsfeesgangers om aandag te skenk aan die bestaande kunsfees - reëlboekie wat gefinaliseer moet word. Wysigings en voorstelle is welkom in die verband.

# Nuwe lede op A.S.B.-Hoofbestuur

Die volgende drie nuwe lede op die Hoofbestuur van die A.S.B. is gisteraand onbestrede verkies: mnr. Paul de Beer (U.P.) as voorsitter, mnr. Koos van Rooyen (U.O.V.S.) as onder-voorsitter, en mnr. Boy Geldenhuys (U.S.) as sekretaris. Die res van die Hoofbestuur was met ons ter perse gaan nog nie verkies nie.

Mnr. D. A. S. Herbst, vroeër van die P.U. vir C.H.O., tree vanjaar af na 'n termyn van twee jaar as President van die A.S.B.

# *VERKEER GESELLIG*



*(Foto: Fotokuns)*

**Hoewel dodelike erns die kenmerk was van mnr. A. M. van Schoor se toespraak met die opening van die Kongres verlede Maandagaand, was daar blykbaar ook tyd vir minder ernstige dinge. Op die foto geniet mnre. Paul de Beer, Dirk Herbst, A. M. van Schoor en Anton Roodt 'n grappie.**

„VLEISPASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . ."

Turkstra

TE KRY BY U KAFETERIA

# *TE ROOK OF NIE TE ROOK NIE*



*(Foto: Fotokuns)*

. . . En wie het gesê dat rook geen slegte uitwerking op 'n student het nie? Of is dit nie mnr. Idyll van der Walt (tweede van links), die Rembrandt-verteenwoordiger op Potchefstroom, se teenwoorigheid wat die oorsaak is van die treurige uitdrukkings op die gesigte van die groepie studente nie?

# ABRAHAM LUCKHOFF TEEN PAUL DE BEER OOR JOOL

## Kongres ingelei met debat

**Mnr. Braam Lückhoff het in die kulturele botsing tussen die suide en die noorde 'n besprekingspunt ingelui en gesê dat die jool inbreuk maak op akademiese werksaamhede. Hy het sy bewering op vyf argumente gegrond.**

Die hoofsaak van die koms van 'n student na universiteit is om kennis te verbreed en insig te ontwikkel. Daar is net 27 akademiese weke en nie een, maar tot twee weke hiervan word geneem vir pret en plesier en dit gaan gepaard met 'n algehele verstoring van die akademiese atmosfeer.

**WEERLê STELLING**

Net een-tiende van die massa werk saam vir die jool/vreugdedag en hy weerlê dus die stelling dat hierdie jolyt 'n geleentheid skep vir gesamentlike optrede.

Mnr. Lückhoff het uitgebrei deur te sê dat jool die geleentheid skep vir wanpraktyke en onreëlmatighede. In die tyd raak die student „van sy trollie af".

Die teenstander in hierdie debat, Paul de Beer het gepleit dat studente te geneig is om af te skaf sodra iets verkeerd loop. Hy het gesê dat sodra studente die geleentheid ontneem word om losbandig te wees (as daar so 'n geleentheid was), hulle dadelik 'n ander geleentheid daartoe skep.

Hy praat nie die bestaande jool goed nie, dog ons moet nie afskaf nie maar hervorm.

Hierop het hy uitgebrei deur positiewe voorstelle tot die voorkoming van die losbandigheid te doen, byvoorbeeld kontrole oor vlotte, bepaling van nie-omstrede temas.

**GISELA MAIWALD**

*Fotograaf en Fotografiese Dienste*

TOMSTRAAT 100 ———— POTCHEFSTROOM

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

★

**Mooi Wintermateriaal**

★

**Nomotta-wol in Voorraad**